

Skrifgedeelte: 2 Konings 5:1-19a

Fokusgedeelte: 2 Konings 5:15

Naäman – 'n Eenvoudige wonderwerk lei tot 'n heerlike belydenis!

Naäman was 'n baie gesiene man onder die Aramese leer. Onder sy bevel het die Here vir Aram 'n oorwinning gegee. Hy was egter melaats. Die melaatsheid was bloot die begin om hierdie goddelose man tot inkeer en bekering te lei. Sy siel was siek en onrein en het genesing nodig gehad.

Deur middel van 'n kind se geloof (dogtertjie uit Israel) word Naäman beweeg om na Israel te gaan. Vir die koning van Israel het dit natuurlik na 'n politieke krisis gelyk wat op hande is. Elisa vind egter uit van Naäman se besoek en reël dat hy onmiddellik na hom toe kom.

Met sy aankoms by Elisa se huis gebeur daar iets merkwaardig: Elisa kom self nie uit om hom te ontmoet nie, maar gee hom die eenvoudige opdrag om hom sewe maal in die Jordaan te gaan was. Vir die suksesvolle en dapper hoofleëraanvoeder van Aram was dit 'n verskriklike belediging. Hy het nie al die pad gekom om met hom te laat spot nie. Nee, hy verwag 'n skouspelagtige wondergenesing – iets soos openbare gebed en handoplegging. Gelukkig kon sy amptenare hom rustig ompraat en tot insig bring.

Naäman voer die opdrag uit en die resultaat is heerlik: hy word ten volle van sy melaatsheid genees. Die heerlikste van alles is egter dat sy siel ook nou genees en rein is. Op hierdie eenvoudige wonderwerk van die Here, volg die heerlike belydenis van 'n gelowige: die Here is God en niemand anders nie!

Hoe baie maal is ons nie geneig om die eenvoudige werke (wonders) van die Here in ons eie lewe mis te kyk nie? Ons verwag mos dat alles op skouspelagtige wyse in ons lewe moet gebeur. Om elke nuwe môre te mag opstaan as 'n verlose kind van die Here, is op sigself 'n wonderwerk vanuit sy hand. Elke nuwe môre moet ons belydenis wees: die Here is onse God alleen!

Het jy al ooit gewonder of God in jou lewe werk? Word vir 'n oomblik stil en aanskou die eenvoudige werke van sy hande in jou lewe.

Sing: Psalm 136-1:2, 3

Ds. W (Wilhan) Jobse (Jeffreysbaai)